

## VERLOËNINGSGEBED: OU/NUWE APOSTOLIESE KERK VAN AFRIKA



### Geloofsverklaring

Vader, ek kom na U toe in die naam van Jesus Christus van Nasaret en erken en bevestig dat Jesus Christus my Here en Meester is. Sy bloed het my vry gemaak. Sy lewe is in my en ek is 'n kind van God.

### Afstanddoening

Ek kom nou voor U troon Here en ek doen afstand van my voormalige **geloof in die Ou/Nuwe Apostoliese kerk en in die "apostels", "profete", "evangeliste", "herders", "ouderlinge", "priesters" en "diakens" asook "assistent diakens"**. Ek erken en bely dat die Ou/Nuwe Apostoliese kerk gebaseer is op dwaling en misleiding en dat hulle vals ampsdraers is en nie deur Jesus Christus aangestel is nie.

Ek doen afstand van lidmaatskap van hierdie kerk as 'n sg. "sielsbruid" en verklaar dat elke gelowige die Bruid van Christus is, ongeag die kerklike denominasie waaraan hy/sy behoort.

### Verwerping van die Apostel

Ek verwerp spesifiek die apostel en die misleiding dat hy die enigste een is wat God se wil ken en sy genade mag uitdeel. Ek verwerp hiermee saam ook enige van die leringe van die apostels van hierdie kerk. Ek verwerp die feit dat ek my deur my woorde en dade onderwerp het aan die outoriteit van die apostel, enige ander ampsdraers en die gemeente.

Ek verwerp die posisie van apostel as God se leraar, verteenwoordiger en ambassadeur en dat hy die reg het om oor my te oordeel. Die apostel ken aan homself regte toe wat net aan Jesus Christus behoort en ek verwerp dit. Ek kanselleer enige vloeke wat die apostel of enige ander persoon in die kerk oor my gespreek het uit met die bloed van Jesus.

Ek verwerp my voormalige geloof in die apostel as die een aan wie die sleutels van die Koninkryk van God behoort en ek verwerp sy outoriteit om die Koninkryk vir my oop of toe te sluit.

Ek verwerp ook my geloof in die apostel as dat hy die Lig van die Wêreld is en dat slegs hy die Evangelie mag verkondig. Slegs Jesus Christus is die Lig vir die wêreld en enige ware openbaring kom slegs van Hom af.

Ek verwerp ook dat die Apostel die enigste weg tot die Vader is. Jesus Christus is die enigste weg en die waarheid en niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie.

Ek verwerp ook dat die apostel die mag het om iemand te laat doodgaan. Ek kanselleer enige woorde of dade wat hy oor my en my geliefdes gespreek en uitgevoer het uit, in Jesus se naam.

Ek verwerp die leuen van die apostel (oor my uitgespreek) dat indien ek ooit die (ou/nuwe apostoliese) kerk sou verlaat, ek God sou verwerp. Ek verwerp nie God met hierdie verloëningsgebed nie maar eerder die misleiding en verwarring wat aan my bedien is deur die Ou/Nuwe Apostoliese kerk.

### **Verwerping van vals leringe**

Ek verwerp die lering dat Jesus Christus slegs 'n gewone mens was en nie die Seun van God nie. Jesus Christus is die Seun van God en was tydens sy lewe op aarde volledig mens maar ook volledig God. Hy is uit die maagd Maria gebore en verwek deur die Heilige Gees.

Ek verwerp die leuen dat Jesus nooit werklik gekruisig is nie maar elke dag in ons denke gekruisig word.

Ek verwerp ook die leuen dat Jesus nooit werklik opgestaan het en opgevaar het na die hemel nie.

Ek verwerp die vals lering dat ek slegs in die Hemel sal kom indien ek my te alle tye in die (ou/nuwe apostoliese) kerk verneder en soos 'n kind word in die "huis" van God. Daarteenoor aanvaar ek die waarheid dat alle mense wat in Jesus Christus glo en aan sy soenverdienste vir hulle sal in die hemel kom en daar die ewige lewe geniet.

Ek verwerp die lering dat 'n mens op aarde moet werk vir jou verlossing en dat as jy nie gewerk het vir jou verlossing nie, die siel na dood op die aarde sal moet werk om verlossing te kan geniet.

Ek doen afstand van die valse vergiffenis van sonde wat aan my bedien is deur die apostel want ek weet dat slegs Jesus sondes kan vergewe en geen mens nie.

Ek doen afstand van die vermoë wat ek ontvang het om ander te vervloek en ook die "gawe" wat ek ontvang het om bese geeste te stuur na die wat nie in die kerk belangstel nie. Ek verwerp ook die mag van die mense in die kerk (die gemeente) wat beweer dat hulle die reg het om my huis te vervloek asook om ongelukke oor my te verklaar en armoede oor my familie te bring.

Ek verwerp die geloof dat my ouers my "verlossers" is en ek kanselleer uit enige beloftes wat ek gemaak het in die valse hoedanigheid van "verlosser" van my kinders. Ek verklaar dat daar net een Verlosser is en dit is Jesus Christus.

Ek doen afstand van enige sg. "herder" van my siel in die gemeente en wat op enige manier outoriteit oor my verkry het.

Ek doen afstand van die leuen dat ek een van die 144 000 uitverkiesde mense is wat gered sal word en dat die aanvaarding en volging van die leringe van die Ou en die Nuwe Apostoliese kerk die enigste manier is om ewige lewe te verkry. Ek verwerp ook dat die (ou/nuwe apostoliese) kerk die stam van Israel is en dat hulle God se uitverkore volk is.

Ek doen afstand van die "toewyding aan Jerusalem", die sg. moeder van almal in die gees. Ek verwerp dat sy wedergeboorte aan siele kan bring en daardeur aan siele die merk van die Lam kan gee sodat hulle gered kan word. Net Jesus red wanneer ons gees deur wedergeboorte deur die Heilige Gees besny word en ons verkry dan outomaties die merk van die Lam van die Heilige Gees as teken in die gees van ons redding.

Ek verwerp die vals lering dat die enigste oplossing tot huwelikskonflik is dat die vrou aan die man gehoorsaam moet wees en moet doen wat hy se.

Ek verwerp die dwaling dat ek groter seëninge sal ontvang indien ek getrou is aan die ou/nuwe apostoliese kerk en die dienste getrou bywoon.

Ek verwerp huweliksontrou en dat dit aanvaarbaar is onder sekere omstandighede.

Ek verwerp die valse lering dat Jesus nie weer op die wolke gaan kom (soos hy weggegaan het) om Sy bruid te kom haal nie omdat hy reeds gekom het.

Ek verwerp die vals lering dat indien ek uit die ou/nuwe apostoliese kerk sou gaan ek vervloek is tot die hel en nooit gelukkig sal wees nie aangesien ek my rug op God gedraai het. Dit is manipulering. Jesus Christus is nie 'n kerk nie en ware geloof in Jesus Christus en die redding wat daarmee gepaard gaan is ook nie afhanklik van die lidmaatskap van 'n kerk nie.

Ek verwerp die leuen dat die hemel en hel bloot omstandighede op aarde (hemel is lewe in die kerk en hel is die lewe daarsonder) is en dat daar nie 'n ware hemel en hel na die dood is nie.

Ek verwerp die manipulering, intimidasie, beheer en dominerings van mense deur die apostels asook profete en priesters.

### **Verwerping van die valse doop deur besprinkeling**

Ek doen afstand van die **valse doop** wat ek deurgegaan het van besprinkeling met water tot belydenis van sonde en my redding. Ek verklaar dat enige doop deur besprinkeling 'n heidense gebruik is en nie die ware doop van gelowiges is nie. Ek verklaar dat ek gered word en 'n kind van God die Vader word enkel en alleen op grond van my geloof in Jesus Christus as Verlosser en wat Hy vir my gedoen het aan die kruis. Die doop kan nie red nie, net Jesus kan!

Ek verwerp die teken van die kruis wat op my voorkop en bors gemaak is deur die Priester.

Ek verwerp die verklaring wat ek gemaak het dat ek slegs die leringe van die Apostel sal aanvaar en onderhou en dat ek die Heilige Gees slegs kan ontvang deur die oplegging van hande deur die Apostel.

Ek verwerp ook die verklaring wat ek gemaak het dat Jesus Christus nie weer gaan kom nie (aangesien hy reeds gekom het) en dat slegs die lede van die (ou/nuwe apostoliese) kerk die liggaam van Christus is. Ek verklaar dat Jesus weer gaan kom om finaal te oordeel en Sy Bruid te kom haal en dat alle gelowiges in hom Sy Bruid is asook Sy liggaam.

### **Verwerping van die valse nagmaal**

Ek doen afstand van die **valse nagmaal** wat ek gevier het en bely dat die viering daarvan nie my sondes vergewe het nie maar dat net Jesus dit kan doen op grond van opregte geloof in Hom en ware skuldbelydenis.

Ek verwerp en doen afstand van elke sg. heilige nagmaal wat slegs deur die apostel bedien mag word want ek weet nou dat die ware Jesus en Sy kruisiging nie die middelpunt van hierdie sakrament was nie maar wel 'n valse Jesus en dat ek mislei is.

### **Uitkansellering van die seël**

Ek **kanselleer ook die seël** uit met die bloed van Jesus (wat op my geplaas is deur die apostel of enige ander persoon waarmee my bevestiging van die valse nagmaal aangetoon is (naamlik dat my ongeregtheid daarmee deur God weggeneem word)).

Ek verwerp die leuen en die vloek wat daarmee saamgaan dat ek hel toe sal gaan indien ek nie die seël op my voorkop het nie.

### **Verwerping van die valse doop met die Heilige Gees**

Ek verwerp die **valse doop met die Heilige Gees** wat deur die apostel aan my bedien is deur die oplegging van hande asook die onheilige seël wat op my geplaas is deur die apostel. Ek besef nou dat ek nie die invulling van die Heilige Gees ontvang het nie maar van 'n vals heilige gees (nl. Kundalini).

Ek verwerp die valse geloof date k 'n gees van insig en helderheid gekry het met die oplegging van hande.

Ek verwerp die vals gees/gawe van onderskeiding om tussen die aard (goed of sleg) van geeste te kan onderskei en verklaar dat dit eintlik bloot my derde oog is wat oopgegaan het en dat satan en sy demone dit aanwend op 'n manier wat nie vir God eer nie. Dit is nie God se wild at my derde oog moet oop wees nie – dit is okkulties.

### **Verwerping en uitkansellering van onheilige rituele**

Ek verwerp die bediening van die drie heilige sakramente (naamlik doop, nagmaal en invulling met die Heilige Gees) aan die siele van die dooies namens die dooies deur die lewendes.

Ek doen afstand van my aanvaarding van die teken van die heilige kruis op my voorkop en bors, enige “beskermengel” wat aan my toegeken is asook die opening van my derde oog en enige onheilige toegang tot die geestesdimensie.

Ek verwerp die eed wat wat my ouers afgele het dat hulle my sonder skuld en rein voor God sal bring asook elke soortgelyke belofte van hul as my ouers. Ek bely dat slegs die bloed van Jesus my kan reinig van sonde en my geregverdigd maak voor God se troon.

Ek trek enige belofte terug wat ek afgelê het om my kinders ooreenkomstig die wil van God (soos geopenbaar deur die apostel) groot te maak en verklaar dat slegs die Woord van God (die Bybel) asook die Heilige Gees die wil van God oor my en my kinders se lewens kan openbaar.

Ek verwerp die oplegging van hande deur die apostel en/of enige ander ampsdraer van hierdie kerk aangesien hul nie daarmee aan my die Heilige Gees bedien het nie maar dat bose geeste waarskynlik op daardie manier van my besit geneem het. Ek kanselleer elke handoplegging in die OU/Nuwe Apostoliese kerk uit met die bloed van Jesus.

Ek verwerp die onheilige verbond wat ek gesluit het toe ek enige verantwoordelikhede aanvaar het as lid van die gemeente. Ek kanselleer enige getuies teen my in hierdie verband uit.

### **Indien getroud in die Ou/Nuwe Apostoliese Kerk:**

Ek doen afstand van die outoriteit van die apostel en al die “seeninge” wat hy oor my en my gade uitgespreek het tydens die prosedure om ons in die eg te verbind.

Ek verwerp die eed wat wat ek afgelê het dat ek tot my dood aan die Ou/Nuwe Apostoliese geloof getrou sal wees.

Ek verwerp die outoriteit wat die apostel aan die man gegee het (as die hoof van die huis) om verantwoordelik te wees vir sy hele familie se sielredding. Weereens, net Jesus kan red en slegs deur geloof van die persoon in Hom en Sy soenverdienste aan die kruis.

Ek verwerp die valse geloof dat indien altwee eggenote nie lede van die ou/nuwe apostoliese kerk is nie dat die huwelik vervloek sal wees en dat hulle nooit gelukkig sal wees nie.

### **Verwerping van babadoop**

Ek doen afstand van die leuen dat die babadoop 'n proses is waardeur 'n siel opgebou en gevoed word.

### **Kinders**

Ek verwerp die geloof dat babas op dieselfde manier as volwassenes gedoop kan word aangesien babas en klein kinders nog nie in staat is om in Jesus Christus te glo nie. Eers wanneer hulle glo en 'n bewuste belydenis vir Jesus geneem het kan hulle gedoop word.

Ek verwerp die geloof dat alle ouers verantwoordelik is vir die sondes van hul kinders op tot die ouderdom van 16.

### **Begravnisse**

Ek verwerp enige gebed vir die dooies. Dit is gebaseer op Egiptiese heidense gebruike.

Ek verwerp die valse outoriteit van die apostel as synde die enigste een wat die gesag het om my siel na die ewige rus of die hel toe te stuur. Die apostel doen hom hier voor as Jesus want slegs Jesus het die mag om te oordeel oor lewe en dood.

Ek verwerp ook die valse geloof dat dit moontlik is om met die dooie te kommunikeer voor die begrafnis en dat die dooie kan profeteer deur iemand anders en sodoende kan boodskappe gee aan die oorlewendes.

### **Dankie Jesus!**

Dankie Jesus dat U my nou vry maak van die binding en vloeke van die Ou/Nuwe Apostoliese Kerk. Dankie dat ek weet daar is net een Weg en Waarheid na die Vader en die Ewige Lewe en dit is Jesus Christus en Sy bloed wat al my ongeregtheid wegneem. Dankie vir die swaard van die gees wat my nou afsny van die Ou/Nuwe Apostoliese Kerk.

Ek prys U naam Jesus vir die Waarheid wat my nou vrymaak!

### **AMEN!**

Toets van brokstukke van stigterslede: Henry Drummond and Edward Irving, evangelis Carl George Klibbe (eerste om in RSA aan te kom), Apostles Ernest Fredrick Wilhelm Ninow, Carl Fredrick Wilhelm Ninow and William Campbell (aangestel deur Klibbe om hom op te volg)